



KAMMANUUS

Nommer 235

2 Junie 2008

TOULEIER

Helphoekie tel nou spoed op



JULLE sal my sekerlik verskoon as ek ook sommer hier vir Kamermaatjie 'n groot dankie sê vir die 29 jaar wat sy met my uitgehou het. Ons (ek) het nou wel erg van vorm en voorkoms verander maar die samesyn het, soos goeie wyn, oor die tyd net meer karakter gekry.

Baie dankie my meisie, my hart se punt. Die bene wil nie meer so lekker buig nie, dus aanvaar maar hierdie kuberknienel waarin ek jou nooi om die volgende nege en twintig ook met my te deel. Hulle meen dat getroude lewe 'n gewoonte raak. Dis waar, 'n baie lekker gewoonte!

Aan die Onsdorp-front wikkel dinge ook mooi. Die handewashoekie, soos Carin van Staden dit noem, begin nou spoed optel. Ek verwys hier na die nuwe idee waarin lesers navraag doen oor dinge wat ons internasionaal en plaaslik met mekaar kan deel en oor die algemeen die lewe makliker vir mekaar makliker kan maak sonder dat mens jou hele plaas in die proses hoef te verkoop.

Sal ons dit HELPMEKAAR noem? Hier is twee lesers wat hulp soek:

Lize Booyen soek dringend na ons Kambassadeur in België, want sy e-pos adres werk nie meer nie. Lize is by 0739590000@mtnloaded.co.za

Carin van Staden beplan om oor so tien maande vir 'n troue na die Cookeilande te gaan. Hulle wil sommer ook in Oz en Kiwiland 'n draai maak.

"Nou my vraag: Wat moet ons gaan sien en doen as ons nou soontoe gaan? Ons het 'n week tot tien dae in elke land en reis met kinders van 7 en 5 jaar. Ons wil nie net ry nie, maar darem ook vakansie hou en kan met RCI ook iewers bespreek, maar waar? Wil al die Aussies en Nieu-Seelanders my nie asb. hiermee help nie?

Ekself soek raad van die Manakwalanders. Ek wil byvoorbeeld weet of daar van julle is wat iets weet van die Setimela-trein, of al op een van hul toere was.

Met die Gautrein nou reeds goed in die bloed, hoor ek laas Saterdag van die treintoer wat mens kan meemaak wat in Pretoria begin en waarmee jy dan in Namakwaland en ook sommer tot anderant Hermanus kan gaan kuier.

Dit strek oor 10 dae en jy slaap elke aand op die trein. Ons was laas jaar te laat vir die blomme (Augustus) en het nou sommer vroeg in September op die treintrip bespreek. Julle klomp daar in Manakwaland moet nou laat weet of die reën reg was en of ons kan uitsien na lekker blomme kyk.

Kom ons help mekaar. Stuur jou bydrae na ons gewone posadres toe. Merk dit baie duidelik in die onderwerplyn met die woord *Helpmekaar*.

Die **Stamboom-afdeling** bly steeds bedrywig en ons het selfs vandeeweek 'n navraag in Nederlands gekry. Carin stuur ook die volgende raad vir ons klomp stamboomnavorsers. Die skakel is www.myheritage.com

Welkom aan die nuwe lesers wat die afgelope twee weke by ons aangesluit het: Wicus, Gert, Werner, Walter, Cathy, Marietjie, Maja, Beverly, Wanda, Rico, Phillip, Louis, Michelle, Isak, Michael, Arouna, Chris, Louise, Kobus en Ferdie. Ek hoop julle sal gou inburger in Kammaland en vir ons staaltjies en stories uit jul eie kontrei instuur. Kammanuus gaan nie net oor die humor nie, dit is ook die forum waar ons kontak hou met ons mede Afrikaanse vriende oor die hele wêreld. Vertel jou maatjies van Onsdorp en die netwerk wyer uitkring.

Laastens, dankie aan **Louis Blom** wat vir ons sy eie armystorie ingestuur het. Deel met ons jou eie snaakse weermagondervindinge, ons plaas dit graag in Kammanuus en op die Onsdorp-webwerf.

Hier is weer ons adres: pos@onsdorp.com

Hennie Greeff
Gomorra, Duskantland



ROELFIE SLAAT RAAK

□ EKSKLUSIEF! Ons praat met Thabo!

KAMMANUUS het oor die naweek 'n eksklusiewe telefoniese onderhoud met pres. Tafelenbedjie in die buiteland oor die golf van xenofobie gevoer.

"Xenofobie is 'n sindroom en nie 'n ware fobie nie. Ek ken niemand met xenofobie nie," het die prez aan Kammanuus gesê. "Wat is 'n xeno? Daar is nie so iets nie. Dis net nog 'n poging om Afrikane as agterlik voor te stel.

"Die kontinent huisves 53 demokratiese, suksesvolle en selfregerende state, ondanks die ellende wat deur kolonialisasie aangerig is. Ek verwerp hierdie rassitiese klag met minagting," het Tafelenbedjie gesê.

► **Kammanuus kan ook berig dat die rede waarom die prez so ver van die townships af wegbly, is omdat hy vrees dat hy ook as vreemdeling gesien en aan die brand gesteek sal word.**

□ Einde van 'n mite

LYK mos of die ANC so hard besig was om onder mekaar vir plekke op die soustrein te baklei, dat niemand aandag aan die tikkende tydbom van miljoene buitelandse "vlugteling" gegee het nie. Net soos niemand aandag gegee het aan die Eksdom-tydbom nie.

Nou ja, dis seker wat gebeur as 'n regering toelaat dat almal wat lus het vanoor die hele kontinent ongekontroleerd oor sy grense stroom.

Maar miskien is daar een pluspunt uit die gebeure te haal: die afsterwe van die mite dat dit net wit mense is wat rassities kan optree.

► **Dit moet vir die ANC aaklig wees om dit te erken. Geen wonder dus dat daar na 'n "derde mag" gesoek word op wie die skuld geplaas kan word nie.**

□ Goeie nuus oor duikbote

ROELFIE is saam met 50 miljoen ander Duskantlanders verheug dat - danksy die versierendheid van die regering - die derde duikboot nou in ontvangs geneem is en daar ernstig begin kan word om die perlemoensmokkelaars aan te keer.

Die aksie sal drieledig gewees het. Een duikboot sal die smokkelaars se rubberbote sink, nommer twee sal die seebodem vir gesteelde perlemoen vee, en nommer drie sal die drenkelinge optel.

Daar is nou net een probleempie: Daar is nie genoeg kundige ingenieurs om die duikbote se enjins aan die gang te hou nie. Maar die regering het klaar 'n plan beraam: Rubberseëls word ontwerp wat die gate waardeur die roeispane gesteek word, dig sal hou.

► **Hulle soek nou nog net voorheen benadeelde roeiers sonder enige ondervinding, verkieslik vroue.**

□ John Sloppie doen dit weer

EN toe loop doen die omstrede Kaapse regterpresident John Sloppie dit weer!

Dié kêrel was 'n jaar of twee gelede pal in die nuus oor sy onbevoegdheid, sy onprofessionele gedrag, korrupsie en selfs rassisme. Hoofregter Puisie Langa het toe al sy dae gehad om die gemors rondom sy comrade onder die mat in te vee.

Nou kla al die regters van die konstitusionele hof dat hy hulle probeer beïnvloed het in die saak rondom Jakob Stortkop se betrokkenheid by die wapenskandaal.

'n Ernstiger klag is daar nie, want dit druis in teen elke gesonde regsbeginnsel.

► **Gaan Sloppie hy hierdie keer onder sy dik agterent geskop word?**

□ Leuens genoeg rede om prez te 'faks'

STEMME klink van oraloor op dat daar nou van Tafelenbedjie ontslae geraak moet word - behalwe dat dit ongrondwetlik sal wees.

Nou ja, in enige ware demokrasie is dit gebruik om 'n president wat lieg, die trekpas te gee. Tafelenbedjie se leuens oor Zimbabwe, en sy betrokkenheid by die wapenskandaal en die polisiehoof Jackie Selebrity is meer as genoeg gronde om van hom ontslae te raak.

► **Maar Duskantland is geen ware demokrasie nie . . .**

Allegaartjie



Hoekom MANS nooit depressief is nie

Mans is eenvoudig net die Gelukkiger Geslag -
wat anders verwag jy van sulke eenvoudige skepsels?


- ⊙ Jy behou jou familienaam, en het ook nie nodig om goed soos Susanna Van Stootgare-Poggenpoel te skeep nie.
 - ⊙ Die garage behoort aan jou.
 - ⊙ Trouplanne sorg vir hulself.
 - ⊙ Sjokolade is net nóg 'n lekkerny.
 - ⊙ Jy kan president word, maar jy raak nooit swanger nie.
 - ⊙ Jy kan 'n deurskynende, wit T-hemp by 'n waterpark dra. Of jy kan sonder enige bostuk by 'n waterpark baljaar.
 - ⊙ Motormekennieks vertel jou die waarheid.
 - ⊙ Die hele wêreld is jou urinaal. Jy hoef nooit na 'n ander vulstasie te ry omdat een se ruskamer nie mooi skoon is nie.
 - ⊙ Jy hoef nie te stop om te dink watter kant toe 'n moer vasdraai nie.
 - ⊙ Jy doen dieselfde werk, en word meer betaal.
 - ⊙ Plooi dra by tot jou karakter.
 - ⊙ Trourokke kos R5 000, en jy kan 'n pak klere huur vir R200.
 - ⊙ Mense kyk nooit na jou bors as jy met hulle praat nie.
 - ⊙ Nuwe skoene verniel nooit jou voete nie. Jy is aldag, elke dag in dieselfde bui.
 - ⊙ Jy voltooi 'n telefoongesprek in 30 sekondes. Vir 'n week se vakansie pak jy net een tas.
 - ⊙ Jy kan self alle deksels van houers afdraai.
- Jy kry krediet vir die geringste teken van bedagsaamheid.
- ⊙ As iemand vergeet om jou na 'n geselligheid te nooi, kan hy steeds jou vriend wees.
 - ⊙ Alles aan jou gesig bly maande lank dieselfde.
- Dieselfde haarstyl hou dekades lank.
- Jy hoef net jou gesig en jou nek te skeer.
- ⊙ Dieselfde speelgoed hou jou lewe lank. Een beursie en een paar skoene, een kleur vir alle seisoene.
- Jy kan 'n kortbroek dra al lyk jou bene hoe.
- Jy "doen" jou naels met 'n knipmessie en jy kan besluit of jy 'n snor wil hê of nie.
- ⊙ Jy doen jou Kersinkopies vir 25 mense op 24 Desember in 15 minute.

Dis geen wonder mans is gelukkiger nie.

Stuur aan vir vroue met 'n humorsin en mans wat dit sal geniet om dit te lees.



Dié week se giggels



TWIN CAM PEUGEOT BAKKIE

GOEIE VRAAG

Ouma klim op kleinseun se fiets en ry by die hek uit.

Kleinseun: "Waar gaan Ouma heen?"

Ouma: "Begraafplaas toe!"

Kleinseun (frons): "En wie gaan die fiets terug bring?!"

TWEEDE TAAL

Die Muis-gesin sit en gesels om 'n tafel. Die kat kom ingehardloop.

Pa Muis skrik hom kaduks, vlieg op en begin blaf, en die kat hol weg.

Toe Pa Muis weer gaan sit en tot verhaal kom, sê hy vir sy kinders:

"Ek hoop nou julle besef die belangrikheid van 'n tweede taal!"

WISKUNDE

Die baas se wiskunde is nie te goed nie en hy vra sy blonde sekretaresse:

"As ek jou R5,5 miljoen min 17% gee, wat sal jy aftrek?"

Sy: "Als meneer, my rok, skoene, bra en G-string - ALS!!"

TWEE KORTETJIES

Die verskil tussen die pous en jou baas is dat die pous net wil hê dat jy sy ring moet soen.

'n Man is iemand wat die indruk skep dat hy die hele huis skoongemaak het - terwyl hy net die asblik uitgegooi het.

LIG SE SKULD

Man stap by tandarts in.

Tandarts: "Kan ek help?"

Man: "Ek dink ek is 'n mot."

Tandarts: "Dan moet jy liever 'n sielkundige spreek. Hoekom het jy hier ingestap?"

Man: "Die lig was aan."

BLONDE ARGUMENT

VERLEDE jaar het ek my huis se vensters met daai duur, dubbelaneel energiebesparende soort vervang.

Vandag kry ek 'n oproep van die kontrakteur. Hy kla dat hy al 'n jaar lank wag en nog nie betaal is nie.

Helloooo! Net omdat ek blond is, beteken nie ek is onnosel nie.

Ek sê toe vir hom sy verkoopsman, wat my omgepraat het, het gesê die vensters sal hulself binne 'n jaar afbetaal.

Daar was 'n stilte aan die ander kant van die lyn, toe hang ek maar op.

Hy het nie weer gebel nie.

Raai wie het die argument gewen?

Ek wed julle hy voel soos 'n idioot!

**Moenie my in die versoeking lei nie -
ek kan dit self kry.**

ANDY CAPP deur Smythe





MENSE en hul dinge

□ Die man wat nie bestaan nie

Mahambanyane Mdumbe het 40 jaar lank hard as plaasarbeider gewerk. Hy sê hy is 98 jaar oud, maar sukkel al 15 jaar lank om 'n ID te kry omdat binne-landse sake sê sy hande is te verweer vir vingerafdrukke.

Dit beteken dat hy ook nie vir 'n pensioen kwalifiseer nie, en hy oorleef op aalmoese van vreemdelinge.

Sy ander bekommernis is dat hy sonder 'n grafsteen begrawe sal word, en hy weet nie hoe hulle 'n doodsertifikaat vir hom gaan uitreik nie, want eintlik bestaan hy nie.

Die streekbestuurder van binnelandse sake se streekkantoor het belowe om persoonlik toe te sien dat die man 'n ID kry.

□ Donkie saam met dronkies in tronk

IN Mexiko sit 'n donkie in die tronk saam met gevangenes wat in die openbaar dronk was en ander wandade gepleeg het.

Dit is nou nadat hy twee mense geskop en gebyt het.

Sinar Gomez, bevelvoerder, sê die donkie sal in die tronk bly totdat sy eienaar die mans se mediese kostes betaal het.

"Hier by ons gaan iemand tronk toe as hy oortree - maak nie saak wie en wat hy is nie."

Die donkie se eienaar sê hy sal probeer om 'n skikking te bereik om die rekening van ongeveer R3 000 te betaal.

□ Slim papegaai

'N PAPEGAAI wat uit sy hok weggekome het, is met sy Japanse eienaar verenig nadat hy sy adres verskaf het aan die veearts in wie se sorg hy gelaat is.

Die polisie het die African Grey gevang nadat 'n vrou hulle gebel en gesê het hy sit in haar tuin.

In die begin het die papegaai mense gegroet en kinderliedjies gesing, maar ná tien dae het hy begin om 'n naam en 'n straatadres te herhaal.

Dit het die polisie in staat gestel om sy eienaar op te spoor.

Die African Grey word as een van die intelligentste voëls beskou. Kenners sê hy het die kognitiewe geheue van 'n sesjarige kind.

□ Kat word stasiemeester

'N SUKKELENDE Japanse treinmaatskappy het 'n kat gebruik om passasiers te lok en weer winsgewend te word.

Al wat die wyfiekat doen, is om by die ingang van die stasie te sit en met 'n swart pet op haar kop vir passasiers vir foto's te poseer.

Die mense koop nutsware soos poskaarte, uitveërs, notaboekies en spelde met die kat se gesig daarop. Daar is tot 'n foto-dagboek van haar.

Die spoorlyn se passasierstal het reeds met 10% gestyg.

□ Vreemde huisgenoot

'N JAPANSE man kon nie uitvind hoekom kos op 'n misterieuse wyse uit sy yskas verdwyn nie - totdat hy ontdek het dat 'n vrou sy huis reeds maande lank sonder permissie met hom deel.

Die man het 'n sekerheidskamera geïnstalleer en die polisie ontbied toe hy beelde sien van iemand wat heen en weer loop terwyl hy nie tuis is nie.

Hulle het toe ontdek dat 'n 58-jarige vrou haarself in 'n stoorspasie tuisgemaak het. Dit kon net een persoon wat plat lê huisves.

Sy het 'n matras en verskeie plastiekbottels in die spasie ingesmokkel. Die vrou het teenoor die polisie erken dat sy geen heenkome het nie en oor 'n tydperk van 'n jaar van tyd tot tyd in die kas gewoon het.



MAKERIEPAS!

Stories uit die weermag

'n Hand vol blase in die bos

Deur Louis Blom

Eers net so 'n bietjie agtergrond:

Ons was mos verplig om daai jare twee jaar "army" te doen. Ek was ingedeel by die geniekorps (genie om nie). Dis nou die ouens wat brûe bou, brûe opblaas, bunkers opruim, die lig en onskadelikstelling van landmyne en toestelle uitvoer, die opstel van fopvalle, demolisies en sommer 'n hele klompie ander goed ook.

Ek het in Piketberg skool gegaan en is in my matriekjaar opgeroep. Ek het my drie maande basies in Bossiesspruit in Kroonstad gedoen en my tweede fase in Bethlehem. Daarna was ons een seksie wat afgedeel was en het ons ons aangesluit by die Elite 32 Bataljon (Buffalo). Die van julle wat daar was, onthou seker vir Koos Krokodil, maar dit eers daar gelaat.

Ons was vir 13 maande in Angola en het aan operasies Hooper, Paxton en Modulêr deelgeneem. Nou, as jy gepraat het van "op die front" beteken dit "daar waar die oorlog was."

Daar was ook tye wat jy van die front af onttrek het. Dan het jy so 'n paar dae in 'n "ruskamp" gaan bly. Dan het jy tyd gekry om jou kammo's te was, vir 'n slag lekker te bad (somer in die rivier, as daar een was), jy het jou geweer skoongemaak ensovoorts.

Dan het die kantientrok van die suide af 'n draai kom maak. Dit was lekker. Jy kon weer "skywe" koop, 'n tjoklit en tjips en natuurlik 'n paar biere of nippies brandewyn of whiskey.

Dis nou die deel waar die pret begin. Jy lewe vir 2-3 maande op "ratpacks" en is natuurlik uitgehonger vir vleis.

Ons was naby 'n PB (plaaslike bevolking) kraal en hulle is ook maar nuuskierig. Hulle kom daar aan, praat slêng Portugees (wat ons ook aangeleer het) en sê heelyd "trokare trokare". Dit beteken "ruil" of hulle wil "ruil".

Van die manne het tandepasta geruil vir 'n hoender en een of twee eiers. Ander het nog die Scope-tydskrif gehad en blaai van meisies met sterretjies op hulle borste geruil vir selfgemaakte kapbyle ens.

Elk geval, ons het die aand 'n groot vuur gemaak en saam met 32 en van Unita se ouens gesing "A victor ja pranosh" (die oorwinning is ons s'n).

Die manne van 32 het die nippies skoon weggeslaan en boom gerook. Nie lank daarna nie, het twee van hulle daar aangekom met 'n boerbok wat hulle by die PB's gesteel het. Dit was nie lank nie en die bok was vel af. Ons het almal gespring en somer vir jou 'n lekker stuk vleis afgesny om te braai. Die enigste spesery was maar sout en peper uit jou "ratpack".

Daar was natuurlik nie roosters nie en moes ons stokkies in 'n V-vorm met 'n steel sny. Sit jou vleisie vooraan, steek die stokkie in die grond by die kole en draai dit heelyd. Ons het somer gepraat van 'n "bosveld spit".

Toe raak Antonio van 32 "moeg" - dalk van die boom of die brandewyn, dalk altwee saam. Hy het uitgepaas en langs die vuur gelê. So het my *buddie* se stuk vleis van sy stokkie afgeval en in die warm kole beland.

Daar was nie nog tyd om 'n krapstokkie te soek nie, nie as jy uitgehonger vir vleis is nie. Toe vat hy somer uitgepaaste "Antonio" se hand en krap die stuk vleis uit die kole uit!

Ons het natuurlik gelag oor die petalje. Die volgende oggend het Antonio ons kom wakker maak en vir ons sy hand gewys: dit was vol blasE, en nie klein nie hoor, dit was moewies.

Hy wou weet wat gebeur het en of hoe die blase daar gekom het, want hy kon niks onthou nie. Ons het hom toe vertel dat hy uitgepaas het met sy hand in die kole. Gelukkig het ons 'n medic (tampon tiffie) in ons seksie gehad wat hom kon behandel.

Ons vriende met vlerke

Deur Reinderd Visser



Rietduiker

Hensoppers langs die waters

Hul vermoë om seepglad en met groot gemak tot diep onder die oppervlak van die water te duik is genoeg om enige snorkel-entoesias groen van jaloesie te maak. En kom hulle aan land, herken jy hulle as sulke groterige donker voëls wat luilekker op 'n tak of rots sit met die vlerke sonkant toe oopgesprei.

Daar is 'n paar verskillende soorte, veral langs die kus, maar die Klein-Karoo staan mos vir niemand terug nie en ons het self drie van hulle - die duikers wat so kenmerkend oopvlerk langs die rivier en damme in die son sit en bak.

Hulle het heelwat gemeen - die belangrikste natuurlik dat die meeste van hul vere nie waterdig is nie. Ek sê "die meeste vere", want hul vliegvere het wel genoeg olie aan om hulle gebind te hou. Hoe anders gaan hulle dan gevlieg kry wanneer hulle nat is?

Maar die res van die vere absorbeer water net so goed soos jou motor se "chammy". Die rede hiervoor is darem ook seker voor die hand liggend - dit maak dit net vir die voël soveel makliker om onder die water te kan bly terwyl hy jag. As jy al 'n eend - waarvan die vere goed ge-olie is - dopgehou het wanneer hy onder die water induik, sal jy sien hy kom op soos 'n hengelaar se dobbertjie! Hy vind dit met ander woorde moeilik om lank onder te bly. Nie 'n duiker nie.

En dan is daar die hensop-houding nadat hulle geswem en gejag het. Ja, een belangrike rede is natuurlik om te sorg dat die vere weer droog word - hulle kan by tye tot 'n anderhalfuur so sit. Maar nog 'n interessantheid rondom hierdie oopvlerk-houding is dat die hitte wat die son op 'n duiker se lyf genereer, help met die spysvertering! Wie sou dit kon raai?

Rietduiker

Die algemeenste en kleinste een hier by ons is die Rietduiker (reed cormorant). Jy behoort hom oral naby vars water te kan sien, solank dit net nie te vinnig vloei nie. Hy duik gewoonlik tot so 2 meter diep waar hy vir veral vis soek, maar is al tot op 10 meter onder die oppervlakte waargeneem! Hy eet sy vangs gewoonlik kop eerste. Let egter op wanneer hy die hensopper-posisie inneem - hy sit gewoonlik met sy rug na die son toe, en nie sy bors nie, soos wat 'n mens sou verwag. Het hy vyande? Iemand het al gesien hoedat 'n Visarend een vang.

Sy groter neef met met die beskrywende naam Witborsduiker (White-breasted Cormorant) is net so 'n goeie duiker en bly van 20 sekondes tot 'n minuut-en-'n-half op 'n keer onder die water, met baie kort asemstap tussende duike.

Anders as die rietduiker wat vars water verkies, is hy ewe tuis in vars en sout water. En met sy groot lyf is hy die opportunis vanself - hy sal maklik 'n ander voël se vangs probeer roof. Wanneer hy oopvlerk in die son bak, hou, anders as rietduiker, sy bors sonkant toe. En sy vyand? Aan die kus is veral robbe 'n bedreiging.

Slanghalsvoël

Die Slanghalsvoël (African Darter) se naam is eweneens beskrywend. Trouens, as hy in die water swem, is sy hele lyf onder die water en net die lang gekrulde nek steek slangagtig bo die oppervlak uit.

Anders as die ander twee wat hul prooi met 'n knyptangaksie van hulle bekke vang, is die punte van sy snawel skerp genoeg om hulle deur die vis te steek - soos 'n duiker met 'n pylgeweer. Op die oppervlak sal hy dan die vis behendig die lug opgooi, vang en insluk. Ook hy is maar versigtig vir Visarende, want hulle hou van sy vleis.

Kyk gerus uit vir hierdie drie hensoppers wanneer jy weer langs 'n dam gaan sit en ontspan.



Bobaas-Resepte

Ons ou volkie is 'n klomp lekkerbekke, en daarom is dit seker weer tyd om 'n resepteurubriek te begin. As jy een het om met ons te deel, stuur dit gerus aan pos@onsdorp.com

Turksvykonfyt

Mev. H. Smit van Richmond, KP, gebruik uitgeswelde turksvye vir dié konfyt.

Skil die groen skil dun af en prik hier en daar met 'n hoedespeld. Laat oornag in kalk- of koeksodawater lê (gebruik net die helder vloeistof wat verkry word wanneer 12,5 ml kalk in 1,5 l water of 25 ml koeksoda in 1,5 l water opgelos en deur 'n doek gesy word).

Spoel die vrugte die volgende oggend af. Weeg dit en kook tot sag.

Maak 'n stroop van 350 g suiker vir elke 500 g vrugte opgelos in 250 ml water vir elke 500 g suiker (gebruik die deurgesygde water waarin die vrugte gekook is). Kook die stroop totdat dit begin dik word. Skep die skuim gereeld af.

Voeg nou die vrugte en die sap van een suurlemoen vir elke 3 kg vrugte, asook 'n paar naeltjies, stukke pypkaneel of gemmer – wat die smaak sal verbeter – by die stroop.

Kook dit stadig tot die vrugte deurskynend en die stroop dik is.

Gooi dit in gesteriliseerde fesse en skroef dit warm toe.

(LET WEL: Pasop dat die kalkwaterafsaksel nie by die vrugte kom nie.)

• Geneem uit Kos uit die Veldkombuis deur Betsie Rood. Prys R180.

Besoek die webblad www.proteaboekhuis.co.za en bestel die boek per e-pos van info@proteaboekhuis.co.za Tel. 012 362 1563 • Faks: 012 362 5688/85



STAMBOOM

Waar pas jy in?

Een van die suksesvolste afdelings op *Onsdorp* se webwerf is die Stamboom-afdeling. Daar gaan plaas mense die familienaam wat hulle wil navors. Ander met dieselfde van maak dan kontak met hulle, en so vorder die navorsing aan beide kante. *Onsdorp* verskaf net die forum, die werk word deur die mense self gedoen.

Gaan gerus na *Onsdorp* www.onsdorp.com/stamboom Jy sal die wagwoord *boomstam* moet gebruik om toegang te verkry.

Hier is die besonderhede van die jongste familiespeurders:

Coetzer

louise@essamotors.com

Help 'seblief met enige inligting vir my stamboom, een van my voorvaders was Jacobus Christoffel Coetzer. Gebore 28/05/1879, oorlede 27/12/1954. Enige inligting sal waardeer word.

Bondesio

bondesio@xtra.co.nz

Ek is Michael Bondesio, voorheen van Pretoria nou in Auckland, Nieu-Seeland. Ek is besig met die Bondesio-familiestamboom in SA en sal enige inligting waardeer.

Blom

louiblom@24.com

Ek het in Malmesbury grootgeword. My pa is Jan Blom en kom van De Aar af.

Westhoff

majawesthoff@hotmail.com

Omstreeks 1800 is Willem Westhoff van Nederland naar de Kaap gegaan en waarskynlik getrouwd geweest met een dame Baard en een dame Rossouw. Stam jij van deze mensen af? Of ben je een andere Westhof(f) die op zoek is naar familie?

Rheeder

dibana@telkomsa.net

Weet nie veel - my getroude van, maar voorheen het hulle ook gepraat van Von Rheeder.

Fourie

martin@mfourie.com

Maré.

epos: tbone@isales.co.za

Barnard

multilock@telkomsa.net

Stamnaam: Jacob Bernard Barnard (meestal in Barnardsvlei - Rustenburg-streek opgegroeï)

Lategan en ook Compton

emcompton@slingshot.co.nz



BRIEWEBUS

Kammanuus se lesers aan die woord

E-pos aan pos@onsdorp.com en verstrek asseblief jou naam, van en tuisdorp. **Briewe word onveranderd geplaas.**

Ierland met 'n swaar hart verruil

JO, DUBLIN:

Toe ek vandag so met die bus deur Dublin se strate ry, besef ek weereens wat 'n wonderlike ou stad hierdie is. So propvol geskiedenis. Die geboue vertel elkeen 'n storie. Sommige van hulle eeue oud, verweer maar tog nog so statig. Dis nou lente, en dis asemrowend mooi om deur die stad te ry en al die wonderlike kleure gade te slaan.

Op pad stad toe vra ek die busbestuurder waar die naaste stop aan Lower Abbey St. is, en dadelik praat een van die passasiers met my. Vra of ek van Suid-Afrika kom. Sien, na agt jaar weg, slaan my aksent nog sterk deur. Ja, sê ek, en dit lok dadelik 'n geselsie uit.

Die mede-passasier kom ook van die sonskynland alhoewel hy Ierse wortels het. Vertel hy my dat in SA mens nie eers meer deesdae jou vrou kan dokter toe neem sonder om gewapen te wees nie. Dis SA versus Ierland. Hier waar mens saans nog vrou-alleen in die straat kan winkel of busstop toe loop sonder om bang te wees. Daarmee wil ek nou glad nie sê dat hier nie ook misdaad is nie. Ongelukkig het met die Celtic Tiger so 'n toeloop van mense en geld Ierland ingestroom, dat misdaad en geweld ook erg toegeneem het. Tog is dit nog relatief veilig.

My tog met die bus is nog nie afgehandel nie, want ek gaan Clontarf toe. Na die ortopediese hospitaal. So vyf weke gelede, het manlief van die leer afgeval - sy dybeen gebreek, knieskyf vergruis, beentjie in elmboog gebreek en arm gekraak. Nog altyd het ek die geluid van 'n ambulans se sirene gehaat, want dit vertel dat daar iewers iemand in nood is. Gewoonlik as ek daardie nare skreeugeluid hoor, begin ek bid vir wie ookal in die nood is.

Daardie Vrydag, vyf weke gelede was dit Pieter. Besig met die welsynsuitreik waar hulle die bejaardes se huise verf en versorg. Maar ons Hemelse Vader gee groot genade en hy is besig om te herstel.

Na my kuiertjie by die hospitaal is dit terug stad toe. Weereens verkyk ek my aan hierdie lieflike ou stad en wonder of die mense wat soos miere heen en weer skarrel, darem nog die skoonheid hiervan raaksien en waardeer.

Hoe gaan ek nie hierdie land en sy mense, die geliefde Dublin met sy historiese geboue en straatmarkte mis nie!! Voor die einde van hierdie jaar keer ons terug na die sonskynland vir 'n tyd. Ek huil nou al in my hart, want die afskeid gaan swaar wees. Ons laat nie net Ierland agter nie, maar ook ons oudste wat stewig in Ierse bodem gewortel is.

Hoe verruil 'n mens veiligheid, vriendelikheid en goeie diens vir 'n land wat jy liefhet, maar tog ook as vreemd gaan ervaar. Daar is net een Suid-Afrika en dis 'n wondermooie land, maar Ierland het net so 'n plek in ons harte oopgeskop.

Moet ek dit dan nie eerder sien en ervaar as 'n wonderlike, Godgewe voorreg wat ons gehad het om soveel jare hier te leef nie en dan ook 'n Godgegewe voorreg dat ons 'n sonskynland het waarna ons terug keer nie? Voorreg of vrees?

Ek kies voorreg. Sien julle een van die dae in Suid-Afrika...

Treurige nuus uit Sjina

LIEB EN MIES LIEBENBERG, SJINA:

Hier was dit 'n treurige week wat nuusgebeure betref: Letterlik en figuurlik. Daar het nie veel gebeur nie, Die reddingswerk in die Sichuan Provinsie gaan onverpoos voort en daar is nou al meer as 65 000 mense dood en 23 000 word nog vermis. >>>

Dit bly maar erg en die videomateriaal op TV maak ons erg hartseer. Die mense wat dood is, is die boere in daardie omgewing. Dit is arm, goeie mense wat op die regering vertrou. Ons hoop maar net dat al die hulp (geld en goedere) wel by die arme mense uitkom.

Daar was 'n berig op TV dat daar van die tente, wat geskenk is, opgemerk is in 'n goeie deel van Chengdu, maar die Chinese regering sê dat daar op 'n doeltreffende wyse teen die mense opgetree gaan word. Julle weet dus dat hierdie mense nie weer die son gaan sien opkom nie.

Dieselfde geld vir die vier lede van 'n stadraad, wat nie hulle kant gebring het tydens die reddingsoperasie nie.

Miskien is dit hoe SA moet reageer om misdaad en alles wat daarmee gepaard gaan, hok te slaan! Drasties maar effektief.

Ons klasse het aangegaan soos normaalweg en die studente vra ons kort-kort of ons wel 'n geldelike donasie gemaak het. Dit lyk of dit vir hulle baie belangrik is dat ons dit wel doen.

Daar was navrae oor die Terra-cotta Warriors: Dit is in 1974 ontdek; altesaam 6170 soldate is reeds opgegrawe en hulle is nog besig om baie ander uit te krap; dis omtrent 2000 jaar oud.

Hulle taak was om Emperor Qin Shi Huang, gebore 259 vC, op te pas na sy dood; hy was baie bang vir die hiernamaals en wou nie alleen begrawe word nie; ook van sy vrouens en byvroue en kinders is saam met hom begrawe.

Dis nie loopgrawe tussen die peletonne nie, maar mure wat 'n definitiewe skeiding tussen die verskillende weermagdele gemaak het.

Elkeen is 'n individualis op sy eie, nie twee lyk dieselfde nie; is gemaak van klei en daarna gebak; elkeen gewapen met 'n kruisboog.

Die Xenofobiese geweld in SA het ook die TV hier gehaal en Mbeki lyk vir ons of hy kleitrap. 'n Mens is bekommerd oor al die dinge wat in SA gebeur. Die nuwe wetgewing rakende onteiening van eiendom laat ook 'n mens se hare regop staan.

Die Universiteit het weer vir ons kontrakte aangebied vir die nuwe akademiese jaar wat in September begin. Ons het 'n paar voorwaardes gehad wat hulle aanvaar het. (Lyk amper of hulle ons hier wil hê).

Lieb het vandag weer vir akupunktuur gegaan. Dit is vir sy lae rug, knie en skouer. Dis baie gevoelig en soms ook seer, bloei 'n bietjie en doen wondere.

Dit is nog net 'n bietjie meer as 'n maand dan is ons terug in SA. Ons kan nie meer wag nie.

Moenie met 'n verpleegster mors nie!

'n Diknek minister word opgeneem in die hospitaal. Hy moet 'n paar dae bly vir waarneming. Hy het 'n klein probleempie. Hy is egter 'n yslike pyn in die nek vir die verpleegspan. Hy gebied hulle rond en bont soos wat hy doen met sy eie personeel in sy kantoor. Gou wil niemand meer enigiets met hom te doen hê nie.

Die afdeling se staf-verpleegster was die enigste een wat hom kon vasvat.

Sy kom sy kamer binne en kondig sonder seremonie aan: "Ek moet jou koors neem." Nadat hy verskeie minute beswaar maak, kalmeer hy, vou sy arms en maak sy mond wyd oop.

"Ek is jammer," sê die stafverpleegster, "dié keer kan ek nie die orale termometer gebruik nie."

Die minister begin met 'n volgende rondte van besware, maar eindelijk draai hy onwillig op sy sy en trek die beddegoed beswaard van sy bas af.

Hy voel hoe gly die KY Gel-gesmeerde termometer glad en koud in sy onnoemlike opening in en met warm ore hoor hy die verpleegster vertel: "Ek moet net gou iets gaan haal. Jy moet nou net so MORSDOOD STIL LÊ totdat ek terugkom. Moenie roer nie!"

Sy stap vinnig uit en los die deur agter haar oop. Hy hoor mense lag as hulle verby sy oop kamerdeur die gang afstap en hy swets onderlangs.

Nó ongeveer dertig minute kom die minister se dokter die kamer in.

"Wat op aarde gaan hier aan?" vra hy uit die veld geslaan, terwyl hy sluk om nie kliphard te lag nie.

Boos om so lank met sy kale bas langs 'n oop deur te lê, antwoord die minister: "Wat makeer jou, dokter? Het jy nog nooit gesien dat 'n mens se koors soms anders geneem word nie?"

Na 'n lang pouse erken die dokter: "Ja, ek het. Maar nie met 'n wit angelier nie."

AGTEROS

Huil die Leser

Deur DANA SNYMAN

FLORENCE bel my nou die oggend. Dit lawaai op die agtergrond, soos altyd wanneer sy bel. Eish, Daan, sê sy. Help. Ek soek die reference vir die job. Skryf vir my die reference.

Wanneer soek jy hom? vra ek.

Ek soek hom nou, Daan, sê sy. Ek wag net hier. Hulle soek die reference hier waar ek ge-apply het vir die job.

Toe gee sy vir my 'n faksnommer en sit die foon neer.

Ek raak nie meer kwaad wanneer Florence die foon in my oor neersit nie. Ek probeer om nie meer daarvoor kwaad te raak nie. Ek het haar nog nie gevra nie, maar ek vermoed sy sit die foon so gou neer om die lugtyd op haar selfoon te spaar.

Maar Florence noem dit nie lugtyd nie. Sy praat van everywhere you go.

Eish, Daan, my everywhere you go is klaar.

* * *

ONS kom al 'n hele ruk saam, ek en Florence. Sy het vir agt jaar elke Dinsdag my woonstel in Pretoria skoongemaak en die skottelgoed en my klere gewas.

Meestal het Florence nie die klere gestryk nie, want Florence sukkel 'n bietjie met stryk. Ek het dat sy die klere by die Wishy-Washy in die sentrum naby my woonstel gaan ingee, en dan het iemand daar dit gestryk.

Toe ek einde laasjaar Kaap toe trek, moes ek en Florence afskeid van mekaar neem. Sy kon nie saamkom nie.

Ek gaan sit by my rekenaar in my skryfplek, maak 'n nuwe dokument oop, en toe, wel, toe weet ek nie hoe om 'n reference, 'n getuigskrif, vir Florence te skryf nie. My ou getuigskrifte van die kerk en die skool het ek lankal weggesmyt. Heel bo aan daardie ou getuigskrifte, onthou ek, het altyd gestaan: Heil die leser.

Huil die leser. Florence Mazibuku is die afgelope agt jaar aan my bekend. Sy het 'n stil en 'n mooi, bestendige geaardheid en is baie hulpvaardig.

Eers wanneer jy regtig eerlik wil wees, kom jy agter hoe moeilik dit is om woorde eerlik langs mekaar te laat lê.

Ek leun terug in die stoel, en weet ek weet eintlik maar min van Florence af. Ek weet omtrent niks van Florence af nie, behalwe dat sy vir agt jaar min of meer een keer per week in my huis was.

Iewers in 'n kartondoos wat van Pretoria af saamgekom het Kaap toe, het ek 'n fotokopie van Florence se ID-boekie se eerste bladsy, wat ek laat maak het toe sy by my begin werk het. Ek het ook 'n foto van haar geneem, want ek het iewers gelees as jy 'n foto van 'n nuwe huishulp neem, sal hulle nie sommer by jou steel nie.

Tog het ek Florence nooit juis uitgevra oor haar persoonlike sake nie, want ek was bang vir wat ek kan hoor. Of dalk was ek nie regtig bang nie. Ek wou net nie meer van Florence se lewe weet nie, want as ek meer daarvan geweet het, vermoed ek, sou dit my gepla het en selfs skuldig laat voel het omdat ek nie meer vir haar doen nie.

* * *

FLORENCE woon iewers naby Pretoria op 'n plek met die naam Klipgat. Dit weet ek wel, want sy het my een Sondagmiddag uit die Klipgat-polisiekantoor gebel nadat sy en haar boyfriend baklei het.

Die boyfriend het haar met 'n gebreekte bottel in die been gesteek. Sy het 'n klag van aanranding teen hom gaan indien en my toe huilend gebel om te hoor of sy nie R50 by my kan leen om hospitaal toe te kan gaan met die been nie.

Ek wou vir haar die R50 leen, maar ek het nie geweet waar die Klipgat-polisiekantoor is nie. Florence kon my ook nie regtig verduidelik nie. >>>

Van daardie dag af was ek bang vir Florence se boyfriend, al het ek hom glad nie geken of selfs ooit gesien nie. Ek was bang vir hom, want ek het gehoor mense sê dis die boyfriends, hulle beïnvloed die een wat by jou in die huis werk. Hulle sê haar aan om skelm 'n duplikaat van jou agterdeursleutel te laat maak, en dan kom hulle in die nag.

Skryf 'n mens nie maar op 'n manier ook 'n getuigskrif oor jouself wanneer jy een oor iemand anders skryf nie?

* * *

EN ek sit nog so, toe lui my selfoon weer. Dis weer Florence. Eish, Daan, sê sy. Jy sal hom stuur die reference, nè? Ek wag net hier. En toe is sy weer weg.

Ek begin tik 'n brief aan To whom it may concern.

Ek vertel van die agt jaar wat Florence by my gewerk het, dat sy elke Dinsdag betyds was, en dat sy eerlik is. Ek skryf ook: She's very kind.

Een Dinsdag toe Florence by my kom, het ek 'n erge maagvirus gehad. Ek het kwaai opgebring en later kon ek nie meer nie, toe lê ek maar net so op die bed. Hier elfuur se kant, toe kom sit Florence iets op die bedkassie neer: Twee Disprins, 'n glas Coke en 'n pakkie Ghost Pops wat sy in 'n bakkie gegooi het. Sy het dit spesiaal by die kafee gaan koop.

Ek skryf ook in die brief Florence is altyd bereid om te leer.

Toe maak ek 'n drukstuk van die brief en faks dit na die nommer wat sy my gegee het. Daarna bel ek vir Florence. Ek't die reference gestuur, sê ek. Hulle sal hom kry.

Eers toe dink ek daaraan om haar te vra by wie het sy aansoek gedoen vir werk.

Ek't hier by die Wishy-Washy ge-apply, antwoord sy. Jy ken hom mos. I so badly want this job, Daan.

KAMMANUUS VERSKYN WEER OP 16 JUNIE